

Vrydag 8 Julie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 14:18-25

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 14:23, 24 (AFR83 / AFR20)

Verstaanbare Woordverkondiging

Die gemeente in Korinte het baie probleme en vrae gehad waarvoor Paulus vir die gemeente antwoorde en oplossings moes gee. Om in tale te praat in die samekomste, was een van die probleme. Die probleem was dat niemand 'n idee het wat die mense sê as hulle in tale praat nie. Wanneer ongelowiges of buitestaanders in die samekomste kom, sou hulle dink die mense is van hulle verstand af omdat hulle so snaaks praat.

Nee, so moet dit nie wees nie. Wanneer ons bymekaar kom, moet gelowiges juis geestelik opgebou, bemoedig en vertroos word (1 Kor. 14:3). Daarvoor moet dié wat die Woord van God hoor, verstaan wat gesê word.

Paulus skryf hier dat dit baie beter is om te profeteer (vandag verstaan ons profeteer as iemand wat die gawe het om die Woord van God relevant en prakties uit te lê), want dan verstaan almal. As God verstaanbaar aan die Woord is, wys die Gees deur die evangelie vir ons hoe ons harte lyk (vgl. ook Heb. 4:12), so 'n persoon word gekonfronteer met die evangelie en as hy ontvanklik is vir die Gees, kom daar bekering en dan val so 'n persoon in aanbidding voor God neer en getuig: "Waarlik, God is met julle."

Sal dit nie 'n wonderlike dag wees as ons in die eerste plek ongelowiges en buitestaanders na ons samekomste kan nooi nie! By die samekoms moet die evangelie dan op 'n verstaanbare, relevante en praktiese manier verkondig word binne die konteks waarin ons leef. Sodat die verborge dinge van ons harte aan die lig kan kom, ons ons daarvan kan bekeer en God die eer kan kry.

Sing: Skrifberyming 14-3:4

Ds. RB Fourie (Reynold) (Bellville-Oos)